ROOIVLEIS: SA KAN NIE AUSSIES SE STELSEL NET SO GEBRUIK

WENBRIEF

Die artikel "Graderingstelsel sal rooivleisbedryf help" (*LBW*, 13 Oktober) het betrekking.

Die bedryf gons die afgelope paar jaar oor moontlike veranderinge aan die huidige klassifikasiestelsel of die instelling van 'n graderingstelsel (selfs parallel met die klassifikasiestelsel). Terwyl ek die sentiment van die drie manne wat in die artikel kommentaar lewer, heelhartig ondersteun, wil ek tog 'n paar opmerkings maak.

Ek ondersteun die keuse van 'n stelsel met beginsels wat op die MSA-stelsel (Meat Standards Australia) gegrond is, maar die indruk word gewek dat die stelsel byna soos 'n produk ('n nuwe Hilux-bakkie) van die rak af gekoop kan word en dat ander lande dit reeds gebruik.

Ons moet onthou die stelsel is in Australië ontwikkel met inagneming en toetsing van produksie- en verwerkingsfaktore wat eie is aan Australiese toestande. Daaruit is verbruikersreaksie (soos smaak, sagtheid en sappigheid) getoets. Van hierdie faktore is generies, maar tog spesifiek aan die betrokke land se produksiestelsel.

Daarvolgens is algoritmes uitgewerk wat die aanvaarbaarheidsvlak aandui vir elke kombinasie van veranderlikes. (Sê maar daar is 15-20 veranderlikes – van die ouderdom van dier tot die gaarmaakmetode van 'n spesifieke snit. Werk maar self die moontlike kombinasies uit.) Uiteindelik word 'n aantal sterre (3, 4 of 5) per snit en gaarmaakmetode gegee.

Indien 'n mens dus in ag neem dat hierdie faktore in Suid-Afrika anders kan wees en dat ander bygevoeg moet word (byvoorbeeld die gebruik van Zilmax en die opsie van ander rasse), dan beteken dit daar moet ander algoritmes uitgewerk word. Daarvoor het jy 'n groterige getal verbruikerstoetse nodig. Daar is reeds genoem dat 100 000 verbruikers tydens die ontwikkeling van die Australiese stelsel betrek is (meer as 600 000 vleissnitte is getoets).

Die ontwikkeling van 'n handelsmerk vir 'n Nieu-Seelandse maatskappy het 4 miljoen Amerikaanse dollar (R53,5 miljoen) gekos. Dit kan sekerlik goedkoper gedoen word na gelang van hoe die toetse gedoen word (vergoeding en ander faktore).

'n Mens moet ook in ag neem dat die graderingstelsel self heelwat integriteit van verskeie betrokkenes verg, aangesien dit nie op een plek, naamlik die abattoir, toegepas word nie, maar faktore voor en ná slag tot die stelsel bydra.

Daar is dus heelwat faktore om te oorweeg, maar so 'n stelsel kan sonder twyfel die wisselvalligheid in eetgehalte wat tans bestaan, uit die weg ruim.

DR. PHILLIP E. STRYDOM
Navorsingspanbestuurder vir vleiswetenskappe, Instituut vir Diereproduksie, Landbounavorsingsraad



LEKSEL LIEFDE ... Die koei Milagro Amy 1471 hou Amy Masterson (3) fyn dop tydens die nasionale interras-kampioenskapskou tydens die Alfa-ekspo in Parys in September. Die koei is vroeër vanjaar as die oppersteste kampioen-vleisbees op die George-skou aangewys. Amy se ouers, Andrew en Colette, boer op die plaas Milagro by Oesterbaai in die distrik Humansdorp. Hulle is melkboere (Holsteins en Jerseys) en het ook 'n Angus- en Simmentaler-stoetery. FOTO: VERSKAF

SKRYF VIR ONS EN WEN 'N PRYS

Het jy iets op die hart? Skryf gerus aan ons. As dit die wenbrief is, ontvang jy R150 met die komplimente van BKB. Sê jou sê in hoogstens 300 woorde. Stuur dit aan: Die Redakteur, Brieweblad, *Landbouweekblad*, Posbus 1802, Kaapstad 8000. Of faks dit na: 021 406 2940 of gebruik e-pos: lbw@landbou.com. Verskaf jou naam en adres, al wil jy 'n skuilnaam gebruik.

Vandeesweek se wenbrief is deur **DR. PHILLIP E. STRYDOM** geskryf.

BKB

OORKONDE VIR PLAASWERKER

Die bydrae "Metodes vir kastrasie van kalwers" in Vra vir Faffa (*LBW*, 13 Oktober) het betrekking. Wat 'n interessante artikel.

Ek onthou vanmelewe se dae toe Matewis se kleinkinders en ons as plaaskinders saam gespeel het. Matewis moes al wat dier was regmaak. Hy het binne sekondes die dier se saadstring geknip en dit dan met growwe sout toegedruk en vir 'n paar sekondes vasgedruk. Daar was nooit infeksie en dies meer nie.

Matewis was 'n boer uit eie reg. Hy het alles op die plaas gedoen – trekker bestuur, hooi op die mied gegooi en ook die slagtery self behartig. Hy het ook die beeste met die ystersaag onthoring.

Ek wonder darem wat sou hy sê van al die verskillende metodes van kastrasie en boerdery in die algemeen.

Daardie dae is daar nie (aar plaaswerkers) erkenning gegee nie. Matewis, vandag wil ek aan jou 'n oorkonde rig en baie dankie sê vir dit wat ek van jou geleer het.

C.R. DE WET
Brief per e-pos ontvang.

DANKIE VIR RUBRIEK OOR WERKTUIG

Net 'n woord van dank vir di rubriek "Van toeka se tyd" o die Brieweblad (*LBW*, 22